WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

Sondag 14 Jan tot Donderdag 19 Jan – **MATT 12 & 13**

MATT 12 – DIE JOODSE LEIERS EN DIE HERE JESUS

Vyandigheid (1–8). Die godsdienstige leiers het gewag vir 'n geleentheid om Jesus aan te val, en Hy het dit doelbewus aan hulle gegee. Wat 'n tragedie om deur wettisisme belas te word wanneer jy die ware Sabbatsrus kon geniet (11:28–30)! Wanneer Jesus jou Here is, word die hele lewe 'n Sabbat en elke plek is God se tempel, selfs 'n graanland. (*Dit beteken nie dat een dag in die week nie steeds vir ons spesiaal is nie, inteendeel Sondag is nou die **KURIAKE** (Die dag wat aan die Here behoort) Het u geweet dat die naam van Sondag in Griekeland van die tweede eeu nC KURIAKE is?*)

Skynheiligheid (9–14). Die Fariseërs was besorg oor die onderhouding van die Sabbat, maar nie oor liefde aan 'n man met 'n gestremde toestand nie. Jesus wil barmhartigheid hê, nie uiterlike wetsonderhouding wat niks met die toestand van ons harte te doen het nie (v. 7; Hos. 6:6; Mig. 6:6–8). Gebruik ons mense of dien ons hulle?

Oorwinning (15–32). Jesus is die Sterker Man wat Satan se huis binnegeval het, hom oorwin het, sy wapens geneem het en nou sy buit opeis (Ef. 1:15–23; Kol. 2:15). Trek die wapenrusting aan en sluit aan by Hom in oorwinning (Ef. 6:10 ev).

Neutraliteit (43–50). Pasop vir 'n leë lewe! Dit is 'n staande uitnodiging vir Satan om te gaan werk. In die geestelike oorlog wat vandag gevoer word, kan jy nie neutraal wees nie. Jy is óf vir Hom óf teen Hom.

DIE ONVERGEEFLIKE SONDE

Die onvergeeflike sonde word gepleeg deur mense wat die werk van die Gees weerstaan en Sy getuienis aangaande Jesus verwerp. Dit is 'n sonde van die hart, nie die lippe nie, want wat ons sê kom uit die hart (Matt. 12:33–37). Toe die godsdiensleiers toegelaat het dat Johannes die Doper gearresteer en gedood word, het hulle gesondig teen God die Vader wat hom gestuur het. Toe hulle Christus gekruisig het, het hulle teen God die Seun gesondig. Jesus het hulle om vergifnis gevra (Lukas 23:34), en God het hulle nog 'n kans gegee. Toe hulle die apostels vervolg en toe Stefanus doodgemaak het, het hulle

gesondig teen die Heilige Gees wat deur hulle gewerk het (Hand. 7:51). Daardie sonde teen die Gees het die ondergang van die nasie teweeggebring. God kan alle sondes vergewe behalwe die sonde om sy Seun te verwerp (Joh. 3:36). God se kinders kan nie 'n onvergeeflike sonde pleeg nie, want al hulle sondes is vergewe toe hulle in Jesus Christus geglo en hul vertroue algeheel op Hom geplaas het (Joh. 3:18; Rom. 8:1; Kol. 2:13).

MATT 13 – GELYKENISSE AANGAANDE DIE KONINKRYK VAN GOD

Hierdie gelykenisse verduidelik hoe God vandag in die wêreld aan die werk is. Die koninkryk van die hemele is nie dieselfde as die ware kerk nie, want die koninkryk van die hemele bevat beide waar en vals, gered en verlore. Die koninkryk van die hemele bestaan uit almal wat enige soort getrouheid aan die Koning bely.

God saai sy Woord in mense se harte en soek vrugte (v.1–9, 18–23). Hy plant Sy mense in die wêreld waar hulle 'n oes kan produseer (v. 24–30, 36–43). Aan die einde van die eeu sal Hy die ware van die valse en die goeie van die slegte skei.

Is jou belydenis van Christus eg, diep uit die hart? Of sal jy aan die einde van die eeu as 'n namaaksel gesien word? (Sien Matt. 7:21–29.)

Ontvang jou hart waarlik die Woord? Die saad het lewe en krag en kan 'n oes van seën in jou lewe voortbring. Hoor jy dit?

Kan God jou “plant” waar Hy jou wil hê? Jy is 'n saad wat Sy goddelike lewe bevat, maar 'n saad moet geplant word om vrugte te produseer (Johannes 12:23–28).

Deel jy met ander wat Hy jou leer (51–52)? Waarheid moet nie opgegaar word nie; dit moet gedeel word sodat ander gered en in die geloof opgebou kan word.

ONTVANG DIE WAARHEID IN JOU HART

Die woord gelykenis kom van 'n Griekse woord PARABOLÊ wat letterlik beteken "om langsaan te gooi". Deur gelykenisse het Jesus die bekende gebruik (saaier) om die onbekende (koninkryk) te leer (“dinge nuut en oud” Matt. 13:52). Hy het dit nie gedoen om die waarheid weg te steek nie, maar om belangstelling in die waarheid te wek (Matt. 13:13–15). Hy wou die mense kry om hul oë en ore oop te maak en die waarheid in hul trae harte te ontvang.